

# St. Godfrey van Amiens

## 8 November

(1066-1115)

In ‘n tyd toe die Kerklike lewe in sy streek louwarm begin raak het en selfs kloostergemeenskappe nie meer dinamiese plekke van bekering was nie, het hierdie diepgelowige man, eers as priester en later as biskop van Amiens, mense weer besiel om hul lewens op Jesus te rig. Hy was ’n ywerige hervormer wat weer lewe ingeblaas het op plekke waar die plaaslike Kerk aan die stagneer was. Hy het besef hoe gevaarlik ’n lui gees was en het deur sy eie vurige gebedslewe en harde werk daarin geslaag om gelowiges wat traag en mismoedig geword het, weer die vernuwende dryfkrag van die Heilige Gees te laat ervaar.

© Die Oratorium Uitgewery